



Christen vrouwees vandag

Die Christelike Vrou

Amptelike mondstuk van die NHSV

Hannelie Botha (redakteur), Thea van Rooyen, Annerie Conradie, Danie Smith, Elize Jones, Sonette Benson, Ina Jansen van Vuren, Elsie Slabbert
diechristelikevrou@gmail.com Posbus 111, Worcester 6849 www.nhsv.org.za

Altyd 'n tweede kans

Ds Hannelie Botha

So sluit ons dan nou weer 'n jaar af – 'n jaar van vieringe, vreugdes, opgewondenheid, vervulling, avontuur en nog 'n duisend ander wonderlike en mooi dinge. 2018 het egter ook, soos elke ander jaar, negatiewe en minder mooi dinge bevat. Soms dreig sulke negatiewe dinge om 'n mens se lewe oor te neem en jou te vernietig.

Wanneer 'n mens luister na iemand soos Yolande Korkie (van wie ons in hierdie uitgawe melding maak), kom jy weer eens tot die besef dat die Here se hand oor jou is al is jy ook in watter omstandighede. Al dink jy dit is nou die laaste strooi, is God se plan met jou nog ver van klaar.

Mense beleef dit oor en oor: Dit is soms juis in moeilike omstandighede dat jy God leer ken soos wat jy Hom dalk nog nooit vantevore geken het nie. Dit is juis wanneer jy uiteindelik moet erken *Here, ek kán eenvoudig nie meer nie, ek gee oor*, dat jy besef God is die Een wat kán verder gaan met jou en jou lewe; dat Hy die Een is wat eintlik van die begin af die stuurwiel van jou lewe vashou. Dit is wonderlik

bevrydend om te besef dat jy nie nodig het om alles en almal in jou lewe te beheer nie.

In die Kerstyd vier ons die geboorte van ons Here – die begin van die kerklike kalender. Hierdie “begin” is egter nie eintlik die regte “begin” nie. Lank vóór die geboorte van Jesus was God se planne alreeds in werking – daardie planne om die mens 'n tweede kans te gee. Daardie wonderlike, bevrydende plan van God het uitgeloop op die geboorte en later die sterwe van Jesus.

God was lankal en is steeds besig met jou, al voel dit dalk nie altyd vir jou so nie. Hy is nog nie klaar met jou nie, want jy is sy kind – en jou kind bly jou kind.

'n Warm ontvangs in die Wes-Kaap

Ds Kathleen Smith

Dit was 'n koue wintersoggend in die Paarl, met sneeu en reën in die vooruitsig. Die Paarliete het egter gesorg vir 'n warm ontvangs. Met 'n warm kombes elk, was ons knus vir 'n heerlike kuieroggend in die geselskap van ons susters uit die Wes-Kaap-streek.

Yolande Korkie het haar verhaal gedeel. Watter voorreg om dié vrou te ontmoet, nadat ons haar leer ken het uit die gebeure wat die nuus gehaal het. Dis sielsverrykend om iemand te ontmoet wat van niks anders seker was nie as dat God by haar is. Daardie huiswerk wat sy uitdeel, het die vroue behoorlik laat kopkrap en nadink.

Hilandi du Toit het ons harte warm gemaak met haar pragtige sang en wonderlike kitaarspel. Ons sien uit na die somer om ook óns geel rokkies aan te trek. Sy gebruik waarlik haar talente tot eer van God!

Ronél Bezuidenhout het ons namens die NHSV Hoofbestuur daaraan kom herinner dat elke vrou in die gemeente belangrik is. Ons is almal deel van die NHSV. Met haar aanbieding en spesiale bywoning het sy ons familiebande met die groter NHSV-kring versterk.

Ds Hannelie Botha is herkies as die voorsitter van die streek, met Susan Swanepoel van Strand as visevoorsitter en Elechea Muller van Kaapstad as die nuwe sekretaresse/tesourier. Weer eens verseker Ronél Bezuidenhout die dames van die Hoofbestuur se bystand en ondersteuning.

Met teetyd is daar verjaardagkoek gesny – dié van *Die Christelike Vrou se 75ste verjaardag*. Later het ons heerlik gesmul aan die tarentaalvoorgereg, die soppe van die dag en die kleurvolle nagereg. Almal was dit eens dat die eetgoed oorspronklik, keurig en geurig was. Dankie aan die dames van die Paarl. By Kaapstad se NHSV-vergadering die volgende week het die dames getuig: *Die oggend was ...doepa vir die siel. Ons het weer eens besef ons dink ons ken ons Bybel, bid vir jou vyande, dat ek mense moet vergewe wat my leed aandoen...*

Naskrif van die voorsitter: Een van die ander dinge wat ons gedoen het, was om vir elke dame een of twee Uitreikbybels te gee wat deur die Bybelgenootskap voorsien is. Hierdie Bybels moes hulle nie vir hulself hou nie, maar gaan gee vir iemand wat nie 'n Bybel het nie. Saam met die Bybels het elke dame ook 'n pillehouertjie van die Bybelgenootskap gekry om vyfrande bymekaar te maak om te betaal vir die Bybel wat hulle pas ontvang het. Ons het ook twee eksemplare van die *Bybel vir almal* gekry, waarvan ons een vir Yolande gegee het en een vir 'n gelukkige dame in die gehoor. Hierdie spesifieke vertaling het goed gepas by die tema van *Ek en my huis, ons sal die Here dien*.



Die dames skryf wat hulle onthou van wat in die Bybel staan, na aanleiding van Yolande en Pierre se ervaring toe hulle tydens hul gevangenskap geen Bybel in die hande kon kry nie.



'n Paar van Paarl se dames wat ook kans gekry het vir middagete.



Geselsies tydens teetyd: Ds Hannelie Botha (voorsitter); Tania Lochner van Rawsonville met wie ons Yolande se reiskoste gedeel het; Yolande Korkie; ds Kathleen Smith van Kaapstad; en Ronel Bezuidenhout (Dagbestuurslid van die NHSV wat ons byeenkoms bygewoon het).



Die wonderlike sjokolade-verjaardagkoek wat Ria Schemper vir ons gebak het om *Die Christelike Vrou* se 75 jaar te vier. Ons het selfs gesing ook!



Die heerlike veelkleurige nagereg.

Die Christelike Vrou 75 jaar

Feesvieringe om te onthou

Ná weke en maande se uitsien, het die aand van *Die Christelike Vrou* se 75ste verjaardagvieringe uiteindelik aangebreek. Ek kan baie skryf daaroor, maar stel graag 'n paar mense aan die woord wat die aand saam met ons beleef het.

Verder vertel 'n foto mos 'n hele storie op sy eie, en dus nooi ek graag ons lesers om die aand saam te herleef.



Die vorige en die huidige redakteur van *Konteks*, drr Paul de Beer en Wian Kloppers.



Die vier laaste redakteurs van *Die Christelike Vrou*: ds Hannelie Botha (2012-tans); mev Bets Booysen (1988-1996); mev Magda van Deventer (2002-2012); prof Elsabé Kloppers (1996-2002).

Geagte dames (Mari-lizé, Hannelie, Rozelda)

Ek rig my skrywe aan julle drie, met die wete dat daar soveel dames (en mans agter die skerms, of die "bokse") by die Fees betrokke was, en dus die versoek dat julle my (en ons) dankwoord aan almal sal oordra.

Dit was natuurlik, soos te wagte, weer 'n tipiese NHSV-fees met alle aandag aan alle detail, en nog meer...

BAIE DANKIE vir jul warmte en egtheid – dit is die woorde wat altyd by my opkom wanneer ek aan die vroue van ons Kerk dink en weer met die lees van die geskiedenis, telkens raakgelees én ervaar het.

Ons verwagtings is oortref – dit was in elke opsig 'n hoogtepunt en inspirasie vir die toekoms. Ek het pas van dr Paul de Beer 'n oproep gehad waarin hy my hartgrondig bedank, en vra wie hy almal moet bedank – waarop ek geantwoord het dat daar te veel is en dat hy maar, soos ek ook gaan doen, aan die Hoofbestuur 'n dankwoord moet rig en vra dat hulle dit aan elkeen wat dit moet hoor, sal aangee.

Dankie dat julle ons altyd moed gee vir die toekoms! Dankie dat julle die geloof op só 'n manier uitleef, dat ons almal weer opnuut kan glo – ook in die toekoms!

Dankie dat julle niks ontsien om jul doelwit te bereik nie, naamlik om die liefde wat ons van God ontvang, aan ander deur te gee. Dankie dat 'n mens altyd die deursigtigheid en eerlikheid in alles wat julle doen, raaksien en ervaar – iets wat so skaars geword het in die samelewing én die kerk...

Dankie dat julle ons met hartlikheid (én geskenke!) oorlaai het – ons voel regtig skaam, maar waardeur die liefde en die gesindheid wat daardeur gegee is, nog baie meer!

Dit is my bede dat julle self, net soos ons, deur hierdie dankfees vir God se genade verryk, vertroos én geïnspireer is, dat julle self met nuwe ligtheid en entoesiasme die pad en taak vorentoe sal aanpak, én met nuwe ywer en deursettingsvermoë. Ons het julle, die vroue van ons Kerk, meer as ooit nodig, om koersvas te bly, die geloof aan te gee aan volgende geslagte, en deur troebel tye ons aan die mooi in die lewe en God se liefde te herinner. Julle doen dit deur die besondere gawes wat julle as vroue van God ontvang.

*Dankie nogmaals – ons bid vir julle in jul roeping as leiers van die NHSV. (Wian Kloppers, redakteur: *Konteks*)*



Vorige en huidige redaksielede: Voor in rooi mev Elsie Slabbert. Agter van links na regs mev Danie Smith, ds Hannelie Botha (huidige redakteur), mev Bets Booysen (vorige redakteur), mev Johanna van Staden, prof Elsabé Kloppers (vorige redakteur), mev Bep du Toit, mev Magda van Deventer (vorige redakteur) en mev Ina van Vuren. Regs agter mev Sonet Benson en ds Janine Bevelo-Manders.



Die pragtige uitstalling wat deur Ina van Vuren saamgestel is. Hier kon ons heerlik terugloop op ons verjaardag dame se spore.

Die Christelike Vrou 75 jaar



Dit is Vrydagaand 14 September 2018 en "Die Christelike Vrou" se 75-jaar-feesviering is in volle gang! Dis 'n vrolike gegroet van ou vriende en oud-kollegas. 'n Gesig of naam wat 'n mens voorheen net in die tydskrif se redaksiefoto of by artikels gesien het, staan skielik in lewende lywe voor jou. Watter belewenis en watter trotse oomblik!

'n Maand terug het ek die telefoonoproep gekry: "Doen asseblief die uitstalling by die tydskrif se 75-jaar-feesdinee". Dis maklik, het ek gedink. Maar na baie navorsing het ek onder die indruk gekom dat "Die Christelike Vrou" as mondstuk van die NHSV baie, baie vroue in die afgelope 75 jaar aangeraak, ingelig, toegerus, vermaak en gemotiveer het, in voorspoedige sowel as moeilike tye. En dit gebeur vandag steeds met 'n wye verskeidenheid artikels.



Dit was 'n fyn afgeronde en pragtige geleentheid wat 'n mens deurentyd 'n gevoel van trots en dankbaarheid gegee het. My wens vir "Die Christelike Vrou" is saam met die NHSV: Dinamies vorentoe! (Ina van Vuren, Ventersdorp)

Vorige en huidige voorsitters van die NHSV vlnr: Mevv Henriëtte Brayshaw, Marita Fourie, Tessa Coetzer en Mari-lizé Beukes

Watter pragtige aand! Genade onbeskryflik groot het U aan ons bewys.

Hierdie verjaardagviering het my tot die slotsom laat kom dat ek en Nico bevoorreg was om die geleentheid by te woon. "Die Christelike Vrou" was nog altyd vir ons 'n kosbare stukkie leesstof op die koffietafel, vanaf die begin van ons huwelik in 1966, en so sal dit steeds bly.

Met hierdie kleurryke aand het ek beseft die NHSV se vroue het nie gestagneer nie. Dis tye soos hierdie wat ons vir die res van ons lewens in ons harte wil hou.

Aan Hannelie Botha en al die vorige redakteurs wil ek 'n roos gee en sê baie dankie vir "Die Christelike Vrou". Ons is baie trots op ons mooi blad. Gaan voort met die pragtige werk en wees 'n sêen. (Danie Smith, Vrystaat)

